Downloaded from www.mycourses.co.za

higher education
& training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIENRIGLYN

## NASIONALE SERTIFIKAAT

## HANDELSREG N5

## 30 September 2020

**Hierdie nasienriglyn bestaan uit 11 bladsye.**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za


## AFDELING A

### VRAAG 1

1.1 C
1.2 C
1.3 B
1.4 B
1.5 C
1.6 D
1.7 D
1.8 D
1.9 C
1.10 C

(10 × 2) **[20]**

### VRAAG 2

2.1 Waar
2.2 Onwaar
2.3 Onwaar
2.4 Waar
2.5 Onwaar
2.6 Onwaar
2.7 Onwaar
2.8 Waar
2.9 Waar
2.10 Onwaar

(10 × 1) **[10]**

### VRAAG 3

3.1 F
3.2 A
3.3 J
3.4 E
3.5 H
3.6 I
3.7 G
3.8 D
3.9 C
3.10 B

(10 × 1) **[10]**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


## VRAAG 4

4.1 Regspersone, soos maatskappye en beslote korporasies, word gelikwideer. Dit beteken dat hul laste hul bates oorskry. Hul bates word verkoop om skuldeisers te betaal.

4.2 Die koper koop iets op krediet, betaal 'n deposito en betaal dan die koopprys in paaiemente af.

4.3 'n Kontrak waarvolgens die pandgewer (skuldenaar) sy/haar roerende eiendom in die hande van die pandhouer (skuldeiser) plaas as sekuriteit vir die skuld.

4.4 'n Agent word aangestel om die prinsipaal se goedere teen kommissie te verkoop.

4.5 Iemand bekom 'n voordeel tot nadeel van die skuldeisers sonder dat dit tot 'n afname in die skuldenaar se verpligtinge lei.

(5 × 2) **[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae in hierdie afdeling.

## VRAAG 5

5.1 5.1.1 Die skuldenaar is nie meer in staat om sy/haar skuld te betaal nie.✓✓ Sy/Haar laste oorskry sy/haar bates. (2)

5.1.2
- Die skuldenaar verlaat die land met die bedoeling om die betaling van sy of haar skuld te vermy of vry te spring.
- Die skuldenaar versuim om aanmanings van sy of haar skuldeisers na te kom of om te voldoen aan die vereistes van 'n hofbevel.
- Die skuldenaar vervreem of probeer of van sy/haar eiendom te vervreem en benadeel die skuldeisers as gevolg daarvan.
- Die skuldenaar maak 'n aanbod (of probeer om 'n aanbod te maak) aan een of meer van sy/haar skuldeisers om hom/haar (die skuldenaar) vry te stel van die betaling van sy/haar skuld.
- Die skuldenaar versuim om 'n volledige verklaring van sy/haar finansiële sake in te dien op die keerdatum wat vir hom/haar gestel is om sy/haar boedel aan die kurator oor te gee.
- Die skuldenaar gee skriftelike kennis aan enige skuldeiser dat hy/sy (die skuldenaar) nie in staat is om sy/haar skuld te betaal nie.
- Die skuldenaar publiseer 'n kennisgewing in die Staatskoerant van sy/haar voorneme om sy/haar onderneming te verkoop.

(Enige 5 × 2) (10)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


5.1.3

| VERPLIGTE SEKWESTRASIE | VRYWILLIGE SEKWESTRASIE |
|---|---|
| Aansoek om sekwestrasie word deur skuldeisers gedoen ✓✓ | Aansoek om sekwestrasie word deur die insolvente skuldenaar gedoen |
| Aansoek om sekwestrasie moet deur die skuldeiser/s by die Meester van die Hoë Hof ingedien word | Voor aanvaarding van oorgawe deur die hof, moet die insolvente skuldenaar 'n kennisgewing van oorgawes van sy/haar boedel publiseer |
| Die aansoek deur die skuldeiser/s moet die bedrag, aard van die eis en enige sekuriteit verleen deur die skuldenaar noem | 'n Vermoënsstaat moet in duplikaat by die hof en die plaaslike landdroshof ingedien word. |

(Enige 2 × 2) (4)

5.1.4 Ja,✓ jou salaris word deur die kurator geadministreer.✓ (2)

5.1.5
- Besoldiging vir werk wat na sekwestrasie gedoen is
- Pensioengeld
- Klerasie en ander noodsaaklike bestaansmiddele
- Versekeringspolisse
- Trustgeld van 'n regspraktisyn/prokureur, notaris of aktebesorger
- Aandele in aanwasbedeling
- Eiendom verkry met geld wat deur die insolvente persoon ontvang is wat nie deel van die insolvente boedel uitmaak nie
- Eiendom uitgesluit ingevolge die Landbankwet
- Voordele ingevolge die Werkloosheidsversekeringswet
- Vergoeding ingevolge die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes
- Voorlopige rente van 'n fideikommissêre erfgenaam
- Vrywaring verskuldig aan die insolvente persoon
- Vergoeding verskuldig aan die insolvente persoon as gevolg van besering of laster
- Bates verkry deur die verkoop/ruil van enige van bogenoemde eiendom (Enige 3 × 1) (3)

5.1.6
- Die verband oor jou huis
- Geld wat jy skuld vir die oprigting van 'n heining (retensiereg)
- Uitstaande huurgeld (stilswyende hipoteek)
- Geld verskuldig vir 'n afbetalingskoopooreenkoms (hipoteek) (4)

5.1.7
- Jy kan gerehabiliteer word.
- Jy is nie meer aanspreeklik vir enige skulde aangegaan voor sekwestrasie nie.
- Jy kan weer van vooraf begin. (2)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


5.1.8
- Die insolvente persoon verloor beheer oor sy/haar boedel en kan nie die oorblywende bates vervreem of verkwis nie.
- Geen skuldeiser mag op enige wyse optree wat tot nadeel van 'n ander skuldeiser is nie.
- Opbrengs van die insolvente boedel word pro rate onder die gewone skuldeisers verdeel nadat voorkeurskuldeisers betaal is. (3 × 2) (6)

5.1.9
- Die sekwestrasie kom tot 'n einde.
- Die insolvente persoon word bevry van alle diskwalifikasies wat uit sekwestrasie voortgespruit het.
- Al die insolvente persoon se skulde wat voor sekwestrasie aangegaan is, word uitgewis. (3 × 2) (6)

5.1.10 10 jaar (1)

5.2
- 'n Vrywillige verkoop van sy/haar ledebelang
- 'n Gedwonge verkoop van 'n lid se ledebelang as gevolg van insolvensie
- 'n Testamentêre erflating van 'n lid se belang
- Deregistrasie of likwidasie en die gevolglike ontbinding van die beslote korporasie
- As gevolg van 'n hofbevel (5 × 2) (10)

**[50]**

**VRAAG 6**

6.1
- Publieke maatskappy
- Maatskappy in staatsbesit
- Privaat maatskappye
- Maatskappy met persoonlike aanspreeklikheid: (4)

6.2 Hulle moet eerstens 'n kennisgewing van inlywing/oprigting opstel.✓✓ Die doel hiervan is om die Kommissie in te lig oor hul doel om die maatskappy te registreer. Dit sal die volgende inligting insluit:
- naam van die maatskappy
- aanvanklike direkteure
- geregistreerde kantoor
- datum van sy finansiële jaareinde
- kennisgewing van aanstelling van sy eerste maatskappysekretaris
- ouditeur of ouditkomitee (Enige 5 × 1)

Elke persoon moet 'n Akte van Oprigting/Akte van Inlywing ('Memorandum of Incorporation') voltooi en onderteken.✓✓ Dit is die stigtingsdokument van die maatskappy.
Dit sit die regte, verpligtinge en verantwoordelikhede van die aandeelhouers,✓ die direkteure✓ en ander in die maatskappy uiteen in verhouding tot die maatskappy tesame met verskeie ander aangeleenthede.
Dit stel die maatskappy in staat om sy interne sake te reël.✓ (Enige 5 × 1) (10)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


6.3
- Daar moet 'n skriftelike kontrak wees.
- Die persoon wat die kontrak sluit, moet verklaar dat hy/sy as agent optree vir die te stigte maatskappy.
- By registrasie van die maatskappy, moet die Akte van Oprigting/Inlywing ('MOI') as een van sy doelwitte insluit dat sodanige kontrakte aanvaar sal word.
- Twee afskrifte van die kontrak moet die indiening van die akte vir registrasie vergesel.
- Na oprigting/inlywing, moet die maatskappy die kontrak aanvaar of bekragtig. (5 × 2) (10)

6.4
- Balansstaat/Vermoënsstaat
- Inkomste-en-uitgawe-rekening/Inkomstestaat (Staat van omvattende inkomste)
- Kontantvloeistaat
- Direkteursverslag
- Ouditeursverslag (5)

6.5
- Die aanspreeklikheid van sy lede word beperk tot die bedrag wat in die maatskappy belê is.
- Volgehoue bestaan, wat beteken dat veranderinge aan lidmaatskap nie die lewensduur van die maatskappy sal raak nie. (Ewigdurende opvolging)
- Beleggings in die maatskappy is oordraagbaar. (3 × 2) (6)

6.6

| AANDELE | SKULDBRIEWE |
|---|---|
| Maak deel uit van aandelekapitaal/ekwiteit.✓ | Maak deel uit van laste/lenings✓ |
| Dividende kan op aandele betaal word.✓ | Rente moet op 'n skuldbrief betaal word.✓ |
| Bly in 'n maatskappy/oordraagbaar.✓ | Moet afgelos word✓ |

(6)

6.7 6.7.1 Die leerstuk van konstruktiewe kennisgewing – was van toepassing ingevolge die vorige Wet en het beteken dat alle persone geag word op hoogte te wees en volledig bekend te wees met die openbare dokumente van die maatskappy met wie hulle te doen gehad het.

6.7.2 Die ultra vires-leerstuk – 'n maatskappy bestaan slegs vir die doel waarvoor dit ingelyf is. Indien 'n handeling buite die hoofdoel van die maatskappy val, word dit as 'n ultra vires-handeling beskou.

6.7.3 Die Turquand-reël – indien 'n bona fide-buitestander 'n transaksie met 'n verteenwoordigende van 'n maatskappy aangaan en daar is 'n voorwaarde oor die bevoegdheid van sodanige verteenwoordiger, is die derde persoon daarop geregtig om te aanvaar dat daar aan alle interne vereistes voldoen is.

(3 × 2) (6)

6.8
- Gewone aandele
- Voorkeuraandele
- Uitgestelde/Stigtingsaandele ('Founding shares') (3)

Downloaded from www.mycourses.co.za **[50]**

Downloaded from www.mycourses.co.za


**VRAAG 7**

7.1 7.1.1

| ESSENTIALIA | MOTIVERING UIT GEVALLESTUDIE |
|---|---|
| 'n Geldige kontrak✓ | Bruilofbeplanningsbesigheid is 'n wettige onderneming.✓ |
| Tussen twee en twintig vennote | Daar is minstens twee vennote.✓ |
| Bydrae deur elke vennoot✓ | Elkeen het R40 000✓ bygedra |
| Hoofdoel is om wins te maak✓ | Dit het goed gegaan, wat beteken dat hulle wins gemaak het.✓ |
| Tot gesamentlike voordeel✓ | Hulle sou die wins 50/50 verdeel.✓ |

(5 × 2) (10)

7.1.2
- Vennote is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik.
- Geen kontinuïteit nie
- Vennote, en nie die vennootskap nie, word belas. (Enige 2 × 2) (4)

7.1.3 Nienakoming/Een vennoot het nie presteer soos ooreengekom nie. (2)

7.1.4
- Vennote se gesamentlike en afsonderlike aanspreeklikheid✓ Tydens bestaan van 'n vennootskap kan individuele vennote nie persoonlik vir vennootskapskuld gedagvaar word nie, maar na ontbinding verander die situasie.✓
- Beëindiging van 'n vennoot se mandaat✓ Na beëindiging kan 'n vennoot nie meer namens die vennootskap optree nie.✓
- Gesamentlike en afsonderlike aanspreeklikheid van gewese vennote✓ Vanaf die oomblik van ontbinding is die vennote in solidum aanspreeklik teenoor hulle skuldeisers.✓
- Verantwoordingpligtigheid tussen vennote✓ Enige vennoot het die reg om die boeke van die vennootskap na beëindiging te inspekteer.✓ (4 × 2) (8)

7.1.5
- Om 'n bydrae te maak
- Om die verliese te deel
- Om die gemeenskaplike belange van die onderneming te bevorder
- Om te goeder trou op te tree (4)

7.2.1 Borgstelling is 'n ooreenkoms✓ tussen die borg en die skuldeiser✓ ingevolge waarvan die borg hom- of haarself bind vir die skuldenaar se verpligting✓ as hy of sy nie kan betaal nie.✓ (4)

7.2.2 Ouers teken borg vir hul kinders om 'n onderneming te begin. Die onderneming is onsuksesvol en die ouers is aanspreeklik vir die kinders se skulde. (Enige toepaslike voorbeeld) (2)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


7.2.3 7.2.3.1
- Dit is van toepassing waar meer as een borg 'n borgstelling vir een hoofskuld teken. (dus medeborge)
- 'n Medeborg kan eis dat die hoofskuld tussen die borge verdeel word.
- Daar kan dus pro rata-aanspreeklikheid geëis word as die skuldeiser net een borg aanspreek. (3 × 2) (6)

7.2.3.2
- Die borg het die hoofaanspreeklikheid nagekom en die skuldeiser betaal.
- Die borg kan nou vra dat die skuldeiser sy/haar reg om betaling te ontvang van die skuldenaar na die borg sedeer.
- Die borg kan dan probeer om sy of haar geld van die skuldenaar terug te eis. (3 × 2) (6)

7.2.4
- Volle betaling✓
- Skuldvermenging van die bevoegdhede van sowel die borg as die skuldeiser wat nou by een persoon berus✓
- Skuldvernuwing (waar 'n nuwe borgstellingsooreenkoms 'n vorige een vervang)✓
- Verjaring✓

Neem ook die volgende in aanmerking:
Verstryking van die tydperk waarvoor die borg hom-/haarself verbind het en waartydens die skuldeiser nie teen hom of haar opgetree het.
Waar die borg die reg behou om die borgstellingsooreenkoms te beëindig by wyse van behoorlike kennis.
Waar die hoofskuldenaar betaling aanbied, maar die skuldeiser versuim om dit te aanvaar of weier. (4 × 1) (4)

**[50]**

**VRAAG 8**

8.1
- Een persoon tree namens 'n ander op.
- Hierdie handeling namens iemand anders is 'n regshandeling.
- Die handeling is gemagtig.
- Die handeling is bindend tussen twee partye, waarvan een nie by die oorspronklike onderhandelings of handeling betrokke was nie. (4)

8.2 Deur ooreenkoms (1)

8.3
- Mag nie geheime wins maak nie
- Mag nie toelaat dat haar eie belange bots met die belange van haar prinsipaal nie
- Mag nie haar gesag/bevoegdheid delegeer nie
- Mag nie enige inligting van haar prinsipaal se privaat sake bekend maak waarvan sy in die loop van agentskap bewus geword het nie (4 × 2) (8)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za


8.4 Bekragtiging is een manier waarop agentskap tot stand kan kom. Dit beteken dat toestemming agterna verleen word vir 'n daad wat aanvanklik nie gemagtig is nie.✓✓

Vereistes:

- Die persoon wat die kontrak sluit, moet op die tydstip waarop die kontrak gesluit word, verklaar dat sy namens die prinsipaal optree.
- Die prinsipaal moet genoem word en die handeling moet in haar naam plaasvind.
- Die handeling moet wettig wees.
- Die prinsipaal moes ten tyde van die transaksie bestaan het. (5 × 2) (10)

8.5

- Deur prestasie of afhandeling van die werk
- Deur verstryking van tyd
- Deur onmoontlikheid van prestasie
- Deur herroeping deur die prinsipaal
- Deur afstanddoening van die mandaat deur die agent
- Beëindiging van die regsverhouding tussen die prinsipaal en die agent.
- Verandering in status van die partye (insolvensie, samesmelting, dood of kranksinnigheid)
- Deur wedersydse ooreenkoms (Enige 4 × 2) (8)

8.6 8.6.1

- Beskrywing van die verbandeiendom
- Rente betaalbaar deur die skuldenaar
- Manier waarop geleende kapitaal terugbetaal sal word
- Tydperk wat die verband terugbetaal sal word
- Regte van die verbandhouer in geval van niebetaling (5 × 2) (10)

8.6.2

- Betaling van die hoofskuld
- Afstanddoening deur die skuldeiser van sy of haar regte oor die eiendom
- Skuldvernuwing
- Onttrekking van die verbandgewer se titel
- Vernietiging van die verbandeiendom
- Samesmelting
- Verjaring
- Hofbevel
- Geregtelike verkoping of insolvensie
- Vervreemding van die verbandeiendom ingevolge 'n hofbevel

(Enige 9 × 1) (9)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**
**GROOTTOTAAL: 200**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou